

11. Omgeepapier 15 - 20 April 2024

Luk 24: 24 - 32 - Die Opgestane Jesus, Immanuel, is altyd by jou!

1. Lees Luk 24: 13 - 21 Lees ook Matt 1:23.

Stelling - Wanneer jy en jou medemense / vrou / kollegas “op pad is” / besig is met jou lewe / werk / take, praat / bespiegel jy natuurlik met hulle oor al jou probleme / uitdagings/ moeilikhede?!

Vraag - Besef jy regtig dat Jesus, Immanuel, die Heilige Gees ook deelneem aan jou gesprekke?

2. Lees Luk 24: 20 - 26; Lees ook Rom 6: 3 - 8 .

Vraag - Wanneer jy in detail praat oor, of vertel van al die dinge in jou lewe wat jou ontstel, moedeloos maak; selfs van jou gefnuikte hoop / drome, besef jy ooit dat Jesus se opstanding ook relevant is in alles wat met jou gebeur? Leef jy steeds vir jouself, jou probleme, jou moeilikhede.... of leef jy vir Jesus, jou roeping?

3. Lees Luk 24: 25 - 32.

Vraag - Wanneer jy herinner word aan die opstanding van Jesus, karring jy maar nog steeds aan soos gewoonlik, moedeloos, futloos..... of gee dit jou weer moed vir jou lewe?

4. **Gebedsversoeke: Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê? Vir wie / watter situasie kan ons bid?**